017	Commences at the junction with Roads 1808 and 502 over Vechtvallei 122 HO, Schoongezicht 102 HO, Twyfel 115 HO, Grasplaats 97 HO, Mon Repos 107 HO, Uitkyk 104 HO, Goudplaats 96 HO, Handelton 95 HO, Scharlton 94 HO, Niekerksrust 79 HO, Zorgvliet 80 HO and Geluk 81 HO up to the junction with Road P34-5.	District Road 1808	017	Begin by die aansluiting van Paaie 1808 en 502 oor Vechtvallei 122 HO, Schoongezicht 102 HO, Twyfel 115 HO, Grasplaats 97 HO, Mon Repos 107 HO, Uitkyk 104 HO, Goudplaats 96 HO, Handelton 95 HO, Scharlton 94 HO, Niekerksrust 79 HO, Zorgvliet 80 HO en Geluk 81 HO waar dit by Pad P34-5 aansluit.	Distrikspad 1808
015	Commences at the junction with Road P13-4 over Brandewynskuil 102 HP, Koppie Alleen 106 HP, Knapdaar 109 HP, Commandodrift 110 HP, Warpath 111 HP and Commandodrift 116 HP up to the Transvaal/Orange Free State border.	District Road 2549	015	Begin by die aansluiting met Pad P13-4 oor Brandewynskuil 102 HP, Koppie Alleen 106 HP, Knapdaar 109 HP, Commandodrift 110 HP, Warpath 111 HP en Commandodrift 116 HP waar dit op die Transvaal/Oranje-Vrystaatgrens eindig.	Distrikspad 2549
039	Commences at the junction with Roads 666 and 2117 over Vlak-spruit 42 HS, Rietfontein 40 HS, Groenvlei 37 HS, Vogelstruispoort 36 HS and Sterkfontein 34 HS up to the junction with Road P30-4.	District Road 666	039	Begin by die aansluiting met Paaie 666 en 2117 oor Vlak-spruit 42 HS, Rietfontein 40 HS, Groenvlei 37 HS, Vogelstruispoort 36 HS en Sterkfontein 34 HS waar dit by Pad P30-4 aansluit.	Distrikspad 666
039	Commences at the junction with Roads 2117 and 666 over Vlak-spruit 42 HS, Platrand 18 HS, Goedgenoeg 17 HS, Varkenspruit 73 HS, Wolfespruit 72 HS, Wolfespruit 71 HS, Slangfontein 69 HS and Strydkraal 53 HS up to the junction with Road P97-1.	District Road 2117	039	Begin by die aansluiting met Paaie 2117 en 666 oor Vlak-spruit 42 HS, Platrand 18 HS, Goedgenoeg 17 HS, Varkenspruit 73 HS, Wolfespruit 72 HS, Wolfespruit 71 HS, Slangfontein 59 HS en Strydkraal 53 HS waar dit by Pad P97-1 aansluit.	Distrikspad 2117
039	Commences at the junction with Road P48-3 over Driefontein 2 HT, Kleinfontein 3 HT, Broederstroom 48 HT, Naauwpoort 46 HT, Grootvallei 43 HT, Ezelsklip 45 HT, Vryheid 42 HT, Mooihoek 12 HT, Spitskop 41 HT, Bovenvallei 58 HT, Naauw-	District Road 282	039	Begin by die aansluiting met Pad P48-3 oor Driefontein 2 HT, Kleinfontein 3 HT, Broederstroom 48 HT, Naauwpoort 46 HT, Grootvallei 43 HT, Ezelsklip 45 HT, Vryheid 42 HT, Mooihoek 12 HT, Spitskop 41 HT, Bo-	Distrikspad 282

Known as Main Road	Description	Classification and new No
069	hoek 37 HT, Elandsfontein 36 HT, Edelsteen 33 HT, Pampoenkraal 61 HT, Wintershoek 62 HT, Grootrietvlei 64 HT, Schoonderzicht 68 HT and Grootlaagte 70 HT up to the junction with Road P7-2.	District Road 284
063	Commences at the junction with Road P26-1 over Bergvliet 65 HS, Rietpoort 83 HS, Welgedacht 82 HS, Tweefontein 97 HS and Dassieklip 109 HS up to the junction with Road P4-6.	District Road 2550
	Commences at the junction with Road P7-2 over Welverdiend 148 HT, Weeber 147 HT, Goede Trouw 144 HT, Susannaskroon 177 HT, Susanna 167 HT, Mooihoek 168 HT, Uitgevallen 175 HT, Drie Hoek 174 HT, Zaaihoek 188 HT, Zedelingspost 187 HT, Zedelingspost 197 HT and Zedelingspost 196 HT up to the Transvaal/Natal border.	

Administrator's Notice 830

24 April 1985

CLOSING OF OUTSPANS

In terms of section 55(1)(d) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby closes the outspans on the following farms —

- (a) The outspan, in extent 8,5654 ha, on Broekmansfontein 294 JP;
- (b) the outspan, in extent 6,0955 ha, on Bloemfontein 63 JP;
- (c) the outspan, in extent 25,6950 ha, on Doornkraal 110 JP;
- (d) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Draaifontein 314 JP;
- (e) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Honingkrans 269 JP;
- (f) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Portion 3 of Kleinfontein 260 JP;
- (g) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Kruisrivier 270 JP;
- (h) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Kalkdam 241 JP;
- (i) the outspan, in extent 4,5796 ha, on Portion 24 of Koppieskraal 73 JP;
- (j) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Portion C1 of Modderfontein 256 JP;
- (k) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Petrusdam 55 JP;
- (l) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Riekersdam 109 JP;
- (m) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Weltevreden 101 JP;
- (n) the outspan, in extent 4,2827 ha, on Zamenkomst 81 JP.

ECR 267 of 13 February 1985
DP 08-083-37/2

Voorheen bekend as Grootpad No	Beskrywing	Klassifikasie en nuwe No
069	venvalei 58 HT, Naauwhoek 37 HT, Elandsfontein 36 HT, Edelsteen 33 HT, Pampoenkraal 61 HT, Wintershoek 62 HT, Grootrietvlei 64 HT, Schoonderzicht 68 HT en Grootlaagte 70 HT tot waar dit by Pad P7-2 aansluit.	Distrikspad 284
063	Begin by die aansluiting met Pad P26-1 oor Bergvliet 65 HS, Rietpoort 83 HS, Welgedacht 82 HS, Tweefontein 97 HS en Dassieklip 109 HS, waar dit by Pad P4-6 aansluit.	Distrikspad 2550
	Begin by die aansluiting met Pad P7-2 oor Welverdiend 158 HT, Weeber 147 HT, Goede Trouw 144 HT, Susannaskroon 177 HT, Susanna 167 HT, Mooihoek 168 HT, Uitgevallen 175 HT, Drie Hoek 174 HT, Zaaihoek 188 HT, Zedelingspost 187 HT, Zedelingspost 197 HT en Zedelingspost 196 HT tot by die Transvaal/Natalgrens.	

Administrateurskennisgewing 830

24 April 1985

SLUITING VAN UITSPANNINGS

Ingevolge artikel 55(1)(d) van die Padordonnansie, 1957, sluit die Administrateur hierby die uitspannings geleë op die volgende plase —

- (a) Die uitspanning, groot 8,5654 ha, op Broekmansfontein 294 JP;
- (b) die uitspanning, groot 6,0955 ha, op Bloemfontein 63 JP;
- (c) die uitspanning, groot 25,6950 ha, op Doornkraal 110 JP;
- (d) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Draaifontein 314 JP;
- (e) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Honingkrans 269 JP;
- (f) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Gedeelte 3 van Kleinfontein 260 JP;
- (g) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Kruisrivier 270 JP;
- (h) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Kalkdam 241 JP;
- (i) die uitspanning, groot 4,5796 ha, op Gedeelte 24 van Koppieskraal 73 JP;
- (j) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Gedeelte C1 van Modderfontein 256 JP;
- (k) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Petrusdam 55 JP;
- (l) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Riekersdam 109 JP;
- (m) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Weltevreden 101 JP;
- (n) die uitspanning, groot 4,2827 ha, op Zamenkomst 81 JP.

UKB 267 van 13 Februarie 1985
DP 08-083-37/2

Administrator's Notice 831

24 April 1985

WIDENING OF PROVINCIAL ROAD P23-1

The Administrator hereby widens in terms of section 3 of the Roads Ordinance, 1957, Provincial Road P23-1 over Wolmaransstad Town and Townlands 184 HO to varying widths of 40 metres to 52 metres.

The general direction, situation and the extent of the reserve width of the said road adjustment is shown on the subjoined sketchplan.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road adjustment has been demarcated by means of iron pegs.

ECR 591 of 2 April 1985
Reference: DP 07-074-23/21/P23-1 Vol 2

Administrateurskennisgewing 831

24 April 1985


VERBREIDING VAN PROVINSIALE PAD P23-1

Die Administrateur verbreed hiermee ingevolge artikel 3 van die Padordonnansie, 1957, Provinsiale Pad P23-1 oor Wolmaransstad Town and Townlands 184 HO na wisselende breedtes van 40 meter tot 52 meter.

Die algemene rigting, ligging en die omvang van die reserwebreedte van gemelde pad word op bygaande sketsplan aangetoon.

Ingevolge artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie word hiermee verklaar dat die grond wat gemelde padreëling in beslag neem met ysterpenne afgemerk is.

UKB 591 van 2 April 1985
Verwysing: DP 07-074-23/21/P23-1 Vol 2



Administrator's Notice 832

24 April 1985

WIDENING OF PROVINCIAL ROAD P1-5 AND RELEVANT ADJUSTMENTS

The Administrator hereby:

(a) Declares, in terms of sections 5(2)(a) and 5(1)(c) of the Roads Ordinance, 1957, that a portion of Voortrekker Street within the municipal area of Nylstroom shall exist as an extension of Provincial Road P1-5;

(b) widens, in terms of section 3 of the said Ordinance, Provincial Road P1-5 within the municipal area of Nylstroom and over Nylstroom Town and Townlands 419 KR to varying widths of 15 metres to 48 metres; and

(c) declares, in terms of section 48(1)(a) of the said Ordinance, that access roads with varying widths of 16 metres to 64 metres shall exist over Nylstroom Town and Townlands 419 KR.

The general direction, situation and extent of the reserve widths of the said road adjustments is shown on the subjoined sketchplan.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance, it is hereby declared that the land taken up by the said road ad-

Administrateurskennisgewing 832

24 April 1985

VERBREIDING VAN PROVINSIALE PAD P1-5 EN VERWANTE PADREËLINGS

Die Administrateur:

(a) Verklaar hiermee ingevolge artikels 5(2)(a) en 5(1)(c) van die Padordonnansie, 1957, dat 'n gedeelte van Voortrekkerstraat as verlenging van Provinsiale Pad P1-5 binne die munisipale gebied van Nylstroom sal bestaan;

(b) verbreed hiermee ingevolge artikel 3 van gemelde Ordonnansie, Provinsiale Pad P1-5 binne die munisipale gebied van Nylstroom en oor Nylstroom Town and Townlands 419 KR na wisselende breedtes van 15 meter tot 48 meter; en

(c) verklaar hiermee ingevolge artikel 48(1)(a) van gemelde Ordonnansie, dat toegangspaaie met wisselende breedtes van 16 meter tot 64 meter oor Nylstroom Town and Townlands 419 KR sal bestaan.

Die algemene rigting, ligging en die omvang van die reserwebreedtes van gemelde padreëlings word op die bygaande sketsplan aangetoon.


Ooreenkomstig artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hiermee verklaar dat die grond wat gemelde padreë-

justments is shown on large scale plans which are available for inspection by any interested person at the office of the Regional Engineer, Pretoria.

ECR 1636 of 4 September 1984 and 549 of 27 March 1985
DP 01-014-3/11/3591

lings in beslag neem, aangetoon word op grootskaalse planne wat vir enige belanghebbende persone by die Kantoor van die Streekingenieur, Pretoria, ter insae is.

UKB 1636 van 4 September 1984 en 549 van 27 Maart 1985
DP 01-014-3/11/3591



Administrator's Notice 833

24 April 1985

DEVIATION AND WIDENING OF DISTRICT ROAD 212 AND RELEVANT ROAD ADJUSTMENTS

The Administrator hereby:

(i) deviates and widens in terms of section 5(1)(d) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957, District Road 212 over Mapochsgronde 500 JS, 554 JS, 555 JS, 953 JS, 551 JS, 590 JS, 593 JS, 594 JS, 914 JS, 915 JS, 598 JS, 618 JS, 619 JS, 617 JS, 615 JS, 919 JS, 614 JS, Draaikraal 48 JT and Kliprivier 73 JT to varying widths of 40 metres to 160 metres;

(ii) widens in terms of section 3 of the said Ordinance:

(a) the portion of District Road 1413 over Portion 171 of Mapochsgronde 500 JS to varying widths of 25 metres to 115 metres; and

(b) portions of District Road 32 over Draaikraal 48 JT and Kliprivier 73 JT to varying widths of 25 metres to 115 metres;

(iii) declares in terms of section 48(1)(a) of the said Ordinance that access roads, 8 metres wide, shall exist over Portions 177, 173, 172, 170 of Mapochsgronde 500 JS, Mapochsgronde 593 JS, 594 JS, Portions 227 and 228 of Mapochsgronde 500 JS, Mapochsgronde 618 JS and 619 JS.

The general direction and situation of the said roads as well as the extent of the reserve widths thereof, is shown on the subjoined sketchplan.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance it is hereby declared that the land taken up by the said road adjust-

Administrateurskennisgewing 833

24 April 1985

VERLEGGING EN VERBREDING VAN DISTRIKSPAD 212 EN VERWANTE PADREËLINGS

Die Administrateur:

(i) verlê en verbreed hiermee ingevolge artikel 5(1)(d) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957, Distrikspad 212 oor Mapochsgronde 500 JS, 554 JS, 555 JS, 953 JS, 551 JS, 590 JS, 593 JS, 594 JS, 914 JS, 915 JS, 598 JS, 618 JS, 619 JS, 617 JS, 615 JS, 919 JS, 614 JS, Draaikraal 48 JT en Kliprivier 73 JT na wisselende breedtes van 40 meter tot 160 meter;

(ii) verbreed hiermee ingevolge artikel 3 van gemelde Ordonnansie:

(a) die gedeelte van Distrikspad 1413 oor Gedeelte 171 van Mapochsgronde 500 JS na wisselende breedtes van 25 meter tot 115 meter; en

(b) gedeeltes van Distrikspad 32 oor Draaikraal 48 JT en Kliprivier 73 JT na wisselende breedtes van 25 meter tot 115 meter;

(iii) verklaar hiermee ingevolge artikel 48(1)(a) van gemelde Ordonnansie dat toegangspaaie, 8 meter breed, oor Gedeeltes 177, 173, 172, 170 van Mapochsgronde 500 JS, Mapochsgronde 593 JS, 594 JS, Gedeeltes 227 en 228 van Mapochsgronde 500 JS, Mapochsgronde 618 JS en 619 JS sal bestaan.

Die algemene rigting en ligging van gemelde paaie sowel as die omvang van die reserwebreedtes daarvan, word op bygaande sketsplan aangetoon.


Ooreenkomstig artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hiermee verklaar dat die grond wat gemelde padreë-

ments is shown on large scale plans PRS 79/127/1 to 4 and PRS 72/101/2 to 4 and 7 to 9 which will be available for inspection by any interested person at the office of the Regional Engineer, Pretoria.

ECR 571(18) dated 27 March 1985
DP 01-017-23/22/212 Vol VI

lings in beslag neem aangetoon is op grootskaalse planne PRS 79/127/1 tot 4 en PRS 72/101/2 tot 4 en 7 tot 9 wat vir belanghebbendes by die kantoor van die Streekingenieur, Pretoria ter insae is.

UKB 571(18) gedateer 27 Maart 1985
DP 01-017-23/22/212 Vol VI



Administrator's Notice 834

24 April 1985

DEVIATION OF AN ACCESS ROAD OVER THERE-SAPARK EXTENSION 2 (WITFONTEIN 301 JR)

The Administrator hereby deviates in terms of section 48(1)(b) of the Roads Ordinance, 1957, the access road, 8 metres wide, over Witfontein 301 JR as shown on the sub-joined sketchplan.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance it is hereby declared that the land taken up by the said road adjustment is shown on Plan T1065/3 which is available for in-

Administrateurskennisgewing 834

24 April 1985

VERLEGGING VAN 'N TOEGANGSPAD OOR THE-RESAPARK UITBREIDING 2 (WITFONTEIN 301 JR)

Die Administrateur verlé hiermee ingevolge artikel 48(1)(b) van die Padordonnansie, 1957, die toegangspad, 8 meter breed, oor Witfontein 301 JR soos op die bygaand sketsplan aangetoon.


Ooreenkomstig artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie, word hiermee verklaar dat die grond wat gemelde padreëling in beslag neem, op Plan T1065/3 wat vir enige belang-

specification by any interested persons at the office of the Regional Engineer, Pretoria.

ECR 473 of 19 March 1985
DP 01-012-23/24/W3

hebbendes by die kantoor van die Streekingenieur, Pretoria, ter insae is, aangetoon.

UKB 473 van 19 Maart 1985
DP 01-012-23/24/W3



Administrator's Notice 835

24 April 1985

In terms of section 14 of the Nature Conservation Ordinance, 1983 (Ordinance 12 of 1983), the Administrator hereby —

(a) withdraws Administrator's Notice 281 of 13 September 1967 by which the Remaining Extent of the farm Rietfontein 513 KR was declared to be a nature reserve; and

(b) declares the Remaining Extent of the farm Rietfontein 513 KR, Portion 12 (a portion of Portion 8) of the farm Rietfontein 345 KR and Portion 9 (a portion of Portion 3) of the farm Buffelsfontein 347 KR to be a nature reserve to be known as the Bergland Nature Reserve.

Administrator's Notice 836

24 April 1985

In terms of section 14 of the Nature Conservation Ordinance, 1983 (Ordinance 12 of 1983), the Administrator hereby declares that portion of the farm Geduld 123 IR

Administrateurskennisgewing 835

24 April 1985

Ingevolge artikel 14 van die Ordonnansie op Natuurberwaring, 1983 (Ordonnansie 12 van 1983) —

(a) trek die Administrateur hierby Administrateurskennisgewing 281 van 13 September 1967, waarby die Resterende Gedeelte van die plaas Rietfontein 513 KR tot 'n natuurreservaat verklaar is, terug; en

(b) verklaar die Administrateur hierby die Resterende Gedeelte van die plaas Rietfontein 513 KR, Gedeelte 12 ('n gedeelte van Gedeelte 8) van die plaas Rietfontein 345 KR en Gedeelte 9 ('n gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Buffelsfontein 347 KR tot 'n natuurreservaat, bekend te staan as die Bergland-natuurreservaat.

Administrateurskennisgewing 836

24 April 1985

Ingevolge artikel 14 van die Ordonnansie op Natuurberwaring, 1983 (Ordonnansie 12 van 1983), verklaar die Administrateur hierby daardie gedeelte van die plaas Geduld

situated between the Alexander Dam in the west, the Geduld Dam in the east, the President Dam residential township in the south and the railway line in the north within the municipality of Springs, to be a nature reserve, to be known as the Presidentspark Nature Reserve.

Administrator's Notice 837

24 April 1985

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 870

The Administrator hereby, in terms of the provisions of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he had approved an amendment scheme, being an amendment of Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the incorporation of Erven 221 up to and including 225, in the township Paarlshoop Extension 1.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 870.

PB 4-9-2-2H-870

General Notices

NOTICE 444 OF 1985

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 1646

The Director of Local Government gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner, Michele Santosuosso, for the amendment of Pretoria Town-planning Scheme 1, 1974, by rezoning Erf 134, Wonderboom South, situated on Fifth Avenue between Meyer and Louis Trichardt Streets from Use Zone I, "Special Residential" to Use Zone III, "Duplex Residential".

The application will be known as Pretoria Amendment Scheme 1646. Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria and at the office of the Director of Local Government, Provincial Building, Room B206A, cnr Pretorius and Bosman Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, PO Box 440, Pretoria 0001, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-3H-1646

NOTICE 445 OF 1985

EXTENSION OF BOUNDARIES OF ORCHARDS

It is hereby notified in terms of section 82(4) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by, Alexander Saul Strana and Ma-

123 IR geleë tussen die Alexanderdam in die weste, die Gedulddam in die ooste, die Presidentdam woondorp in die suide en die spoorlyn in die noorde in die munisipaliteit van Springs, tot 'n natuurreservaat, bekend te staan as Presidentspark-natuurreservaat.

Administrateurskennisgewing 837

24 April 1985

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 870

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Johannesburg-dorpsaanlegskema, 1979, deur die inlywing van Erwe 221 tot en met 225 in die dorp Paarlshoop Uitbreiding 1, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema 870.

PB 4-9-2-2H-870

Algemene Kennisgewings

KENNISGEWING 444 VAN 1985

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 1646

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hierby ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), kennis dat die eienaar, Michele Santosuosso, aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, te wysig deur die hersonering van Erf 134, Wonderboom-Suid, geleë te Vyfde Laan tussen Meyer- en Louis Trichardtstraat, vanaf Gebruiksone I, "Spesiale Woon" tot Gebruiksone III, "Dupleks Woon".

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Pretoria-wysigingskema 1646 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinsiale Gebou, Kamer B206A, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of versoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Pretoria, Posbus 440, Pretoria 0001, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-3H-1646

KENNISGEWING 445 VAN 1985

UITBREIDING VAN GRENSE VAN DORP ORCHARDS

Ingevolge artikel 82(4) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hierby bekend gemaak

tilda Strana, for permission to extend the boundaries of the township to include Portion 119 of the farm Klipfontein No 58, district Johannesburg.

The relevant portion is situate on Portion 119 of the farm Klipfontein 58 IR and is to be used for Business 1 purposes.

The application together with the relevant plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Director, Room B206A, 2nd Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of four weeks from the date hereof.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than four weeks from the date of the first publication of this notice in the Provincial Gazette.

All objections must be lodged in duplicate and addressed to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria 0001.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-8-2-989-2

NOTICE 446 OF 1985

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 58(8)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that applications to establish the township(s) mentioned in the annexure hereto, have been received.

The applications, together with the relevant plans, documents and information are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206(a), Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, for a period of 8 weeks from 17 April 1985.

Any person who desires to object to the granting of any of the applications or who desires to make any representations in regard thereto, must notify the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria 0001, in writing and in duplicate of his reasons therefor within a period of 8 weeks from the date of first publication hereof.

Pretoria, 17 April 1985

ANNEXURE

Name of township: Bedfordview Extension 363.

Name of applicant: River Street Properties (Pty) Ltd.

Number of erven: Residential 3: 2; Special for restaurant Erf 1.

Description of land: The Remaining Extent of Holding 93, Geldenhuis Estate Small Holdings.

Situation: West and east of the National Road N3. Skeen Boulevard is to the north of the property.

Reference No: PB 4-2-2-7936.

Name of township: Halfway House Extension 30.

dat, Alexander Saul Strana en Matilda Strana, aansoek gedoen het om die uitbreiding van die grense van die dorp Orchards om Gedeelte 119 van die plaas Klipfontein No 58, distrik Johannesburg te omvat.

Die betrokke gedeelte is geleë op Gedeelte 119 van die plaas Klipfontein 58 IR en sal vir Besigheid 1 doeleindes gebruik word.

Die aansoek en die betrokke planne, dokumente en inligting, lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2e Vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van vier weke na datum hiervan.

Iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, moet die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant af deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan Die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 0001.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-8-2-989-2

KENNISGEWING 446 VAN 1985

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hiermee ingevolge die bepalings van artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, kennis dat aansoeke om die dorpe in die bylae hierby gemeld te stig, ontvang is.

Die aansoeke tesame met die tersaaklike planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206(a), 2e Vloer, B Blok, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 8 weke vanaf 17 April 1985.

Iedereen wat beswaar teen die toestaan van 'n aansoek wil maak of begerig is om enige vertoë in verband daarmee te rig, moet die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 0001, binne 'n tydperk van 8 weke van die datum af van eerste publikasie hiervan, nl 17 April 1985, skriftelik en in duplikaat van sy redes in kennis stel.

Pretoria, 17 April 1985

BYLAE

Naam van dorp: Bedfordview Uitbreiding 363.

Naam van aansoekdoener: River Street Properties (Pty) Ltd.

Aantal erwe: Residensieel 3: 2 erwe; Spesiaal vir restaurant Erf 1.

Beskrywing van grond: Die Restant van Hoewe 93, Geldenhuis Estate Small Holdings.

Ligging: Wes en oos van die Nasionale Pad N3. Skeen Boulevard is noord van die eiendom.

Verwysingsnommer: PB 4-2-2-7936.

Naam van dorp: Halfway House Uitbreiding 30.

Name of applicant: Fabric City Properties (Proprietary) Limited.

Number of erven: 2; Special for such uses as are permitted in terms of Annexure B to the Greater Pretoria Guide Plan 1984.

Description of land: Holding 61, Halfway House Estate Agricultural Holdings IR.

Situation: South-east of and abuts the Ben Schoeman Highway, south-west of and abuts Holding 60, Halfway House Estate Agricultural Holdings.

Remarks: This advertisement supersedes all previous advertisements for the township Halfway House Extension 30.

Reference No: PB 4-2-2-7372.

Name of township: Wilkoppies Extension 34.

Name of applicant: Lounelpret Ontwikkelings (Eiendoms) Beperk.

Number of erven: Residential 1: 13.

Description of land: Holding 77 of the Wilkoppies Agricultural Holdings.

Situation: South of Wilkoppies Extension 31 and west of Wilkoppies Extension 22.

Reference No: PB 4-2-2-7989.

NOTICE 447 OF 1985

EXTENSION OF BOUNDARIES OF LORENTZVILLE

It is hereby notified in terms of section 82(4) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by, Wilmar Investments (Pty) Ltd, for permission to extend the boundaries of township to include Lots 450 and 451, Bellevue East Township, district Johannesburg.

The relevant portions is situated on the south side of Isipingo Street, about midway in the street block between Bezuidenhout Road and South Street and is to be used for "Residential 4" purposes.

The application together with the relevant plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Director, Room B206A, 2nd Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of four weeks from the date hereof.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than four weeks from the date of the first publication of this notice in the Provincial Gazette.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria 0001.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-8-2-2007-1

NOTICE 448 OF 1985

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 1642

The Director of Local Government gives notice in terms

Naam van aansoekdoener: Fabric City Properties (Proprietary) Limited.

Aantal erwe: 2; Spesiaal vir gebruike soos uiteengesit in Bylae B van die Groter Pretoria Gidsplan van 1984.

Beskrywing van grond: Hoewe 61, Halfway House Estate Landbouhoewes IR.

Ligging: Suidoos van en grens aan die Ben Schoeman Deurpad, suidwes van en grens aan Hoewe 60, Halfway House Estate Agricultural Holdings.

Opmerkings: Hierdie advertensie vervang alle vorige advertensies van die dorp Halfway House Uitbreiding 30.

Verwysingsnommer: PB 4-2-2-7372.

Naam van dorp: Wilkoppies Extension 34.

Naam van aansoekdoener: Lounelpret Ontwikkelings (Eiendoms) Beperk.

Aantal erwe: Residensieel 1: 13.

Beskrywing van grond: Hoewe 77 van die Wilkoppies Landbouhoewes.

Ligging: Suid van Wilkoppies Uitbreiding 31 en wes van Wilkoppies Uitbreiding 22.

Verwysingsnommer: PB 4-2-2-7989.

KENNISGEWING 447 VAN 1985

UITBREIDING VAN GRENSE VAN DORP LORENTZVILLE

Ingevolge artikel 82(4) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hierby bekend gemaak dat, Wilmar Investments (Pty) Ltd, aansoek gedoen het om die uitbreiding van die grense van die dorp Lorentzville om Hoewes 450 en 451, dorp Bellevue-Oos, distrik Johannesburg te omvat.

Die betrokke gedeeltes is geleë aan die suide van Isipingo straat, omtrent halfpad in die straatblok tussen Bezuidenhoutstraat en Suidstraat en sal vir "Residensieel 4" doeleindes gebruik word.

Die aansoek en die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van vier weke na datum hiervan.

Iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, moet die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant of deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan Die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 0001.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-8-2-2007-1

KENNISGEWING 448 VAN 1985

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 1642

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hierby ooreen-

of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owners, Willem Simon van Veen, Petrus Christoffel Hoffman Frylinck, Toledo Centre (Pty) Ltd and the City Council of Pretoria, for the amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by rezoning Portion 1 of Erf 144 and Portion 4 of Erf 144 situate on Frederika Street and Frates Road, Rietfontein, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" to "General Business" subject to certain conditions, Erf 724 situate on 18th Avenue, Frederika Street and Frates Road, Rietfontein, from partly "General Business" (Height Zone 5, Coverage Zone 5, FSR Zone 5) and "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" to "General Business" subject to certain conditions, and a part of Nineteenth Avenue between Frederika Street and Frates Road from "Public Street" to "General Business" subject to certain conditions.

The application will be known as Pretoria Amendment Scheme 1642. Further particulars of the scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, and at the office of the Director of Local Government, 2nd Floor, Provincial Building, cnr Bosman and Pretorius Streets, Pretoria, Room B206(A).

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, PO Box 440, Pretoria, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-3H-1642

NOTICE 449 OF 1985

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 1624

The Director of Local Government gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owners, L F Buys and S J L Buys, for the amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by rezoning of Portion 1 of Erf 88 and Portion 4 of Erf 87, East Lynne, situated south of Baviaanspoort Avenue in Swaan Street, from "General Business" and "Special Residential" (Portion 1 of Erf 88) and "Special Residential" (Portion 4 of Erf 87) to "General Business".

The application will be known as Pretoria Amendment Scheme 1624. Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria and at the office of the Director of Local Government, Provincial Building, Room B206, cnr Pretorius and Bosman Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, PO Box 440, Pretoria 0001, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 17 April 1985.

PB 4-9-2-3H-1624

NOTICE 451 OF 1985

ORKNEY AMENDMENT SCHEME 18

The Director of Local Government gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owners, Willem Simon van Veen, Petrus Christoffel Hoffman Frylinck, Toledo Centre (Pty) Ltd and the City Council of Pretoria, for the amendment of Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by rezoning Portion 1 of Erf 144 and Portion 4 of Erf 144 situate on Frederika Street and Frates Road, Rietfontein, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" to "General Business" subject to certain conditions, Erf 724 situate on 18th Avenue, Frederika Street and Frates Road, Rietfontein, from partly "General Business" (Height Zone 5, Coverage Zone 5, FSR Zone 5) and "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" to "General Business" subject to certain conditions, and a part of Nineteenth Avenue between Frederika Street and Frates Road from "Public Street" to "General Business" subject to certain conditions.

komstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), kennis dat die eienaars, Willem Simon van Veen, Petrus Christoffel Hoffman Frylinck, Toledo Centra (Pty) Ltd en die Stadsraad van Pretoria, aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, te wysig deur die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 144 en Gedeelte 4 van Erf 144 geleë aan Frederikastraat en Fratesweg, Rietfontein, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m²" tot "Algemene Besigheid" onderworpe aan sekere voorwaardes, Erf 724 geleë aan 18e Laan, Frederikastraat en Fratesweg, Rietfontein van gedeeltelik "Algemene Besigheid" (Hoogtesone 5, Dekkingsone 5, VOV Sone 5) tot "Algemene Besigheid" onderworpe aan sekere voorwaardes, en 'n deel van Negentiendelaan tussen Frederikastraat en Fratesweg van "Openbare Straat" tot "Algemene Besigheid" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat Pretoria-wysigingskema 1642 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, 2de Vloer, Provinsiale Gebou, h/v Bosman- en Pretoriusstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-3H-1642

KENNISGEWING 449 VAN 1985

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 1624

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hierby ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), kennis dat die eienaars, L F Buys en S J L Buys, aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, te wysig deur die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 88 en Gedeelte 4 van Erf 87, East Lynne, geleë suid van Baviaanspoortweg in Swaanstraat vanaf "Algemene Besigheid" en "Spesiale Woon" (Gedeelte 1 van Erf 88) en "Spesiale Woon" (Gedeelte 4 van Erf 87) na "Algemene Besigheid".

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Pretoria-wysigingskema 1624 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinsiale Gebou, Kamer B206, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 440, Pretoria 0001, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-3H-1624

KENNISGEWING 451 VAN 1985

ORKNEY-WYSIGINGSKEMA 18

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hierby ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), kennis dat die eienaars, Willem Simon van Veen, Petrus Christoffel Hoffman Frylinck, Toledo Centre (Pty) Ltd en die Stadsraad van Pretoria, aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, te wysig deur die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 144 en Gedeelte 4 van Erf 144 situate op Frederika Street en Frates Road, Rietfontein, van "Special Residential" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m²" tot "Algemene Besigheid" onderworpe aan sekere voorwaardes, Erf 724 situate op 18th Avenue, Frederika Street en Frates Road, Rietfontein, van gedeeltelik "Algemene Besigheid" (Hoogtesone 5, Dekkingsone 5, VOV Sone 5) tot "Algemene Besigheid" onderworpe aan sekere voorwaardes, en 'n deel van Negentiendelaan tussen Frederikastraat en Fratesweg van "Openbare Straat" tot "Algemene Besigheid" onderworpe aan sekere voorwaardes.

nance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner, William Thomas Trewick, for the amendment of Orkney Town-planning Scheme, 1980, by rezoning Erf 271, Orkney, situated on Milton Avenue and Marlawe Avenue, from "Residential 1" to "Business 1".

The application will be known as Orkney Amendment Scheme 18. Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Clerk, Orkney and at the office of the Director of Local Government, Provincial Building, Room B206, cnr Pretorius and Bosman Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, Private Bag 8, Orkney 2620, at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-99H-18

NOTICE 452 OF 1985

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967: PROPOSED AMENDMENT, SUSPENSION OR REMOVAL OF THE CONDITIONS OF TITLE OF ERF 2027, VALHALLA TOWNSHIP

It is hereby notified that application has been made in terms of section 3(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, by Venito Est (Eiendoms) Bpk, for the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Erf 2027, Valhalla Township, in order to permit the erf being used for buildings erected on said erf to exceed building-line laid down.

The application and the relative documents are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room B206A, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk, Pretoria until 13 May 1985.

Objections to the application may be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, on or before the 13 May 1985.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-14-2-1340-14

NOTICE 456 OF 1985

RANDBURG AMENDMENT SCHEME 849

The Director of Local Government gives notice in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that application has been made by the owner, Ferndale Investments (Pty) Ltd. for the amendment of Randburg Town-planning Scheme 1, 1976, by amending Condition 3 of Annexure 3505 of Randburg Amendment Scheme 505 by deleting the word "free" before the words "Public Parking" in the following Condition 3 of Annexure 3505 "Free Public Parking for 130 vehicles must be provided on the site".

The application will be known as Randburg Amendment Scheme 849. Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Clerk, Randburg and the office of the Director of Local Government,

op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), kennis dat die eienaar, William Thomas Trewick, aansoek gedoen het om Orkney-dorpsbeplanningskema, 1980, te wysig deur die hersonering van Erf 271, Orkney, geleë aan Miltonlaan en Marlawelaan, vanaf "Residentieel 1" tot "Besigheid 1".

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Orkney-wysigingskema 18 bekend sal staan), lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinsiale Gebou, Kamer B206, h/v Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Orkney ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Privaatsak 8, Orkney 2620, skriftelik voorgelê word.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-99H-18

KENNISGEWING 452 VAN 1985

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967: VOORGESTELDE WYSIGING, OPSKORTING OF OPHEFFING VAN TITELVOORWAARDES VAN ERF 2027, DORP VALHALLA

Hierby word bekend gemaak dat ingevolge die bepalings van artikel 3(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, aansoek gedoen is deur, Venito Est (Eiendoms) Bpk, vir die wysiging, opskorting of opheffing van die titelvoorwaardes van Erf 2027, dorp Valhalla, ten einde dit moontlik te maak dat die erf vir 'n woonstelgebou met buitegeboue gebruik kan word en voorsiening te maak vir die oorskryding van die betrokke boulyn.

Die aansoek en die betrokke dokumente lê ter insae in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk, Pretoria tot 13 Mei 1985.

Besware teen die aansoek kan op of voor 13 Mei 1985 skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, ingedien word.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-14-2-1340-14

KENNISGEWING 456 VAN 1985

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA 849

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur gee hierby ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), kennis dat die eienaar, Ferndale Investments (Pty) Ltd aansoek gedoen het om Randburg-dorpsbeplanningskema, 1976, te wysig deur die wysiging van Voorwaarde 3 van Bylae 3505 van Randburg-wysigingskema 505 deur die weglating van die woord "Gratis" voor die woord "Publieke Parkering" in die volgende aanhaling uit Voorwaardes 3 van Bylae 3505. "Gratis Publieke Parkering vir 130 voertuie moet op die terrein voorsien word".

Verdere besonderhede van hierdie aansoek (wat as Randburg-wysigingskema 882 bekend sal staan) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinsiale Gebou, Kamer B506A, h/v Pretorius- en Bosman-

Provincial Building, Room B506A, cnr Pretorius- and Bosman Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria and the Town Clerk, Private Bag 1, Randburg 2125 at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-9-2-132-849

NOTICE 457 OF 1985

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above-mentioned Act that the undermentioned application have been received by the Director of Local Government and are open for inspection at Room B506, Transvaal Provincial Administration Building, Pretorius Street, Pretoria, and at the offices of the relevant local authority.

Any objections, with full reasons therefore, should be lodged in writing with the Director of Local Government, at the above address or Private Bag X437, Pretoria, on or before 15 May 1985.

It is hereby notified that application has been made in terms of section 3(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, by Ilabel Investments (Proprietary) Limited, for —

(1) the amendment, suspension or removal of the conditions of title of Erf 23, New Doornfontein Township in order to permit the erf being used for offices and a photographic studio on the site.

(2) the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the erf "Residential 4" with a density of one dwelling per erf and Height Zone 5 to "Business 4" Height Zone 0 including a photographic studio subject to certain conditions.

This application will be known as Johannesburg Amendment Scheme 1403.

Pretoria, 17 April 1985

PB 4-14-2-2010-6

NOTICE 458 OF 1985

ALBERTON AMENDMENT SCHEME 179

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 31 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that the Town Council of Alberton has submitted an interim scheme, which is an amendment scheme, to wit, the Alberton Amendment Scheme 179, to amend the relevant town-planning scheme in operation, to wit, the Alberton Town-planning Scheme 1979.

The aforesaid interim scheme is as follows: The rezoning of Portion 1 of Erf 104, Raceview, situated on Jubili Street, from "Public Open Space" to "Special" for public garage, subject to certain conditions and Remainder of Erf 732, New Redruth, situated on Clinton Road, from "Public Open Space" to "Special" for offices, professional rooms, dwelling-units and retail trade, subject to certain conditions.

The aforesaid interim scheme is open for inspection at the office of the Director of Local Government, Room

straat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Randburg ter insae.

